Sing vooraf: Psalm 128:4 (p. 628) (sing: *ons* i.p.v. *jy* en *jou*)

4 Mag ryke seëninge / uit Sion jou bedou;
mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!
mag jy nog, op jou bede, / 'n nakroosseen verkry!
En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:9 (p. 334)

9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet sing ons Psalm 67:3 (p. 327)

Wet

Psalm 67:3 (p. 327)

3 Die aarde het sy vrug gelewer; / ons sal deur U geseënd wees.
U sal ons seën; U, die Gewer, / sal al wat leef, eerbiedig vrees.

Gebed

Psalm 72:10 (p. 363)

10 Laat al die volke uit wydste kringe / aan Hom hul dank bewys
vir matelose seëninge, / en Hom gelukkig prys.
Klim op, my lof, na hoër sfere! / Van bowe kom die seen;
want Isr'els God aan Hom die ere! – / doen wonders, Hy alleen.

Skriflesing: Matteus 28

Teks: Matteus 28:20

En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen. (Matteus 28:20 AFR53)

Die Sondagoggend na die kruisiging het daar 'n groot verslaentheid oor die groepie mense neergesak toe hulle met die speserye by die graf aangekom het om die Here se liggaam te behandel, en hulle vind die steen weggerol, en die Here Jesus weg.

- Daarna het Petrus in 'n stadium in die Here se graf ingegaan. En die Here was weg.
- Die doeke waarin die Here toegedraai was, was netjies opgevou. Maar die Here was nie daar nie.
- Hy het die dood oorwin en die graf verlaat.

Daarna het die Here by verskeie geleenthede aan mense verskyn.

- By een geleentheid aan meer as 500 mense gelyk.
- Deur te verskyn en weer weg te raak het Hy geopenbaar dat Hy alle grense deurbreek – die grense van tyd en afstand.
- Hy kon wees waar en wanneer Hy wou.

Nog later het die Here Jesus voor die oë van die dissipels weggevaar hemel toe.

- Die dissipels het alleen en verward daar bly staan totdat die engel hulle beveel het om terug te gaan Jerusalem toe en aan te gaan met hulle werk.
- Wat word nou van die kerk? In watter verhouding gaan die Here Jesus voortaan tot sy kerk staan?

Daarom hierdie versterkende woorde van die Here:
- **Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.**
- Met sy Gees, met sy voorsienigheid en met sy almag verlaat Hy nooit sy kerk nie.

Daarom het die Here ons weer vanoggend hier as ’n kerk bymekaar.
- Deur die leiding van sy Heilige Gees het Hy ons geroep.
- Die Here is deur sy Gees teenwoordig hier by ons; trouens, elke erediens is ’n oomblik van besondere gemeenskap tussen ons en die Here.

Die Here laat ons met hierdie ete weer sy dood gedenk.
- Ons gaan aan die tafel aansit en die Here gaan ons toespreek. Hy gaan ons geloof ook weer versterk.
- Hy gaan ons met hierdie Nagmaal weer sy nabyheid laat beleef. Hy is steeds by en met ons.
- Sy krag dra ons steeds, en sy Gees lei en onderrig ons ook nog al die tyd.

Hy gaan ons ook weer met hierdie Nagmaal laat besef dat sy koninkryk op hande is, waar ons aanstons gaan woon as ons hierdie lewe verlaat.
- Daarom sê Hy: **tot aan die voleinding van die wêreld.**
- Die aardse tyd gaan leegloop – dis die voleinding.
- Dan breek die tyd aan waarheen die Nagmaal wys – die hiernamaals wanneer die Here sigbaar by ons sal wees.

Die Nagmaal beteken dus dat die Here weer ’n keer aan ons openbaar dat ons nie aan sy teenwoordigheid hoef te twyfel nie.
- As ons spanning het, of as daar siekte in die huis is, of selfs dood – die Here is daar. In daardie oomblikke versorg Hy ons.
- Nagmaal laat ons dit weer beleef dat ons nie vir God vergete kan raak nie.
- Die Nagmaal laat ons besef dat die teenwoordigheid van die Here ook die seën van die Here beteken.

Kom sit aan die tafel van die Here, en weet dat die genade van die kruisdood van die Here oor ons van krag sal bly totdat Hy op die wolke kom.

Amen.

Gebed

Skrifberyming 1-1:1 (24:1)

1 Geseënd sy bo alle dinge / die eewge God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.

Formulier

Psalm 23:1-3 (p. 107)

Af tafel toe

Tydens Nagmaal: Psalm 116
Psalm 118

Slotpsalm 31:1, 15 (p. 143)

1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.

15 Hoe groot is, Heer, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees gaan met u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: Nagmaal 15 November 2009